

Gereformeerde Kerk Bellville – 3 Mei 2015 – oggend

Sing vooraf staande: Psalm 11:3, 5 (p. 48)

- 3 Daar is 'n God, 'n God wat hoog verhewe / uit sy paleis – sy bouwerk is so skoon! – die oog het op wie laag op aarde lewe; / sy oordeel vel Hy van sy hoë troon.
- 5 Die HEER is reg, regverdig is sy handel. / Hy min die reg en bly daaraan getrou. Oprektes vind die uitkoms van hul wandel: / hul sal die aangesig van God aanskou.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het. Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 48:1, 5 (p. 243)

- 1 Die HEER is groot waar Sions top / hom wentel uit die dieptes op. Hy is lofwaardig, waar verhewe / die berg en stad in songlans bewe, en Sion teen die noorde / blink, bó die lof van woorde. Daar waar in vlekkelose wit / die Koning van die wêreld sit, het Hy, wat een die vyand waak, / as rotsburg Hom bekend gemaak.
- 5 Laat Sions berg weerklink van vreug! / Laat Juda's dogters hul verheug, omdat Gods oordeel hul verbly het – / dié oordeel wat sy volk bevry het. Aanskou die stad met skanse, / paleise, toringtranse – hoedat hul pryk met nuwe prag. / En meld dit aan die jong geslag: Die God is onse God, en Hy / sal tot die dood toe ons gelei.

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Wet

Psalm 102:1, 5 (p. 498)

- 1 HEER, u goedheid is onendig; / hoor my as ek diep ellendig, as ek in my krag verkort, / klag voor U soos water stort. Hoor die hulproep van 'n lyer, / wil u aanskyn hom nie weier; hoor in nood, en hoor my nou, / help my, HEER, ag, help my gou!
- 5 HEER, waar U my hoog laat word het, / maar in toorn my neergestort het, is ek soos 'n plant wat kwyn, / en my dae – skaduskyn. Maar U, HEER, U is onendig, / u gedagt'nis bly bestendig; mensgeslagte gaan verby, / maar u roem sal ewig bly.

Gebed

Psalm 14:1, 2, 3 (p. 54)

- 1 Vermeetle dwaas wat hoogwys spot, / sê in sy hart: "Daar is geen God." Hul dade is afskuw'lik, sleg, / geeneen wat goed doen in sy weg.
- 2 God het die mens se werk betrag / uit hemelhoë en helder dag, of Hy ook by die mensekind / verstand mét ware Godsvrees vind.
- 3 Maar almal het tot groter kwaad / in hul ontaarding God verlaat. Van almal is hul dade sleg, / geeneen wat goed doen in sy weg.

Skriflesing: Romeine 3:9-24; Dordtse Leerreëls, Artikel 1

Kernvers: Romeine 3:9, 19, 23

Wat dan? Het ons enige voorrang? Hoegenaamd nie! Want ons het tevore al Jode sowel as Grieke beskuldig dat hulle almal onder die sonde is.

Nou weet ons dat alles wat die wet sê, hy dit sê vir die wat onder die wet is, sodat elke mond gestop en die hele wêreld voor God doemwaardig kan wees.

Want almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God.

(Romeine 3:9, 19, 23 AFR53)

Dordtse Leerreëls

Hoofstuk 1, Artikel 1

Alle mense het in Adam gesondig en hulle aan die vloek van die ewige dood skuldig gemaak. Daarom sou God niemand veronreg het as dit sy wil was om die hele mensdom in die sonde en vervloeking te laat bly en vanweë die sonde te veroordeel nie. Gevolglik leer die apostel: Die hele wêreld is voor God doemwaardig. Almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God (Rom 3:19, 23), en: Die loon van die sonde is die dood (Rom 6:23).

Tema: Hoe die mens werklik is

Wat is die verskil tussen 'n getuigskrif en 'n curriculum vitae (CV)? Die eerste en grootste verskil is wie die skrywer van die betrokke dokument is. Iemand anders sal 'n getuigskrif oor my moet skryf, maar ek self skryf my CV.

In 'n CV prys mens jousef eintlik aan, want die hoofsaak is dat jy in so 'n dokument aantoon dat die voornemende werkgewer jou eintlik nodig het. Kyk net na alles wat jy al bereik het op akademiese vlak en watter ondervinding jy al in die werk het. Ja, 'n mens gee bewyse van akademiese prestasies en nog verwysings in 'n CV – mense wat gekontak kan word oor die egtheid van sekere sake in die CV – maar jy kies self wie jy as verwysing noem. Dit sal mos mense wees wat jou kan ondersteun.

Wanneer iemand anders 'n getuigskrif oor my skryf, skryf hy neer wat hy van my weet en hy weet net wat hy van my gesien en gehoor het. Indien ek vriendelik teenoor hom opgetree het en my werk getrougedoen het, sal hy gunstig oor my kan skryf. Maar miskien skryf hy ook neer van daardie kere wat ek lyf weggesteek het of die kere toe ek onbeskof en nors opgetree het teenoor die mense wat saam met my gewerk het. Ons kom dus agter dat ons aan ander mense uitgelewer is wanneer dit by 'n getuigskrif kom. Ons is nie in beheer van wat geskryf word soos wanneer ons met 'n CV in beheer is nie.

Hoe graag ons ook al wil, ons kan nie 'n getuigskrif vir onself skryf nie. Maar dit weerhou nie die mens om van homself goed te praat nie – veral nie wanneer dit kom by 'n verhouding met God en die ewige verlossing nie. Mense sê maklik: Ons is almal sondaars, maar ... Dit is die woorde wat na die *maar* kom wat baie van die mens verklap. Daarin hoor 'n mens wat die mens van homself graag getuig. Byvoorbeeld: Ek is 'n sondaar, maar ek het nog nooit moord gepleeg nie. Ek is 'n sondaar, maar ek het nog nooit owerspel gepleeg nie. Ek is 'n sondaar, maar ek is nie soos die mense wat gewetenloos bejaardes se geld in gou-ryk-word-skemas verkwis nie. Ek is 'n sondaar, maar ek is gereeld in die erediens, lees gereeld Bybel, doen goed aan ander mense, daarom is ek eintlik nie so sleg nie en kan ek maar in die koninkryk van God toegelaat

word.

As 'n mens 'n gevangenis besoek en 'n bietjie uitvra, sal jy hoor dat die meeste wat in die tronk is eintlik onskuldig is. Wanneer ons 'n getuigskrif oor ons lewe moet skryf, sal ons net so oneerlik wees soos daardie ouens in die tronk. Elkeen spreek homself vry van sy verkeerde dade. En as ons dit doen, is ons regter in ons eie saak. 'n Mens kan egter nie die aangeklaagde en die regter in dieselfde saak wees nie, want die mens sal homself op die een of ander slinkse manier self onskuldig verklaar.

Die vraag is dus nie wat die mens van homself dink nie, ook nie wat die Here van die mens behoort te dink nie. Nee, die eintlike vraag is: Wat dink die Here van die mens?! Dit is 'n vraag wat niemand namens die Here kan beantwoord nie. God alleen kan op hierdie vraag antwoord en ons kry die antwoord hier in Romeine 3. Hier vind ons die Here se getuigskrif van die mensdom wat hulle rug geheel en al op die Here gedraai het.

Broers, susters en kinders, ons kry die indeling wat ons in die Heidelbergse Kategismus maak uit die brief aan die Romeine. Die drie dele van ons Kategismus is: Hoe groot my sonde en ellende is, hoe ek daarvan verlos kan word en hoe ek God vir so 'n verlossing dankbaar kan wees. Romeine 1:18 tot 3:20 is die deel van die brief waarin die Heilige Gees die mensdom oor hulle sonde en ellende onderrig. Hier in vers 9 begin Paulus 'n samevatting van die aanklag teen die mensdom te maak.

Wat dan? Het ons enige voorrang? Hoegenaamd nie! Want ons het tevore al Jode sowel as Grieke beskuldig dat hulle almal onder die sonde is.

(Romeine 3:9 AFR53).

Hier word die woord *sonde* vir die heel eerste keer in Romeine gebruik en hierna gaan dit vir bykans vyftig keer gebruik word tot by Romeine 8. Die aanklag teen godsdienstige mense – kerkmense – en teen geharde heidene is een en dieselfde – almal is onder die sonde. Anders gestel: Almal is sondaars en staan daarom skuldig voor die Here. Dat die mens vanself goed is, is een van die grootste leuens wat die Satan die mens kon ingegee het. Die Chinese sê daar is net twee goeie mense – die een is reeds dood en die ander een is nog nie gebore nie.

Dat almal sondaars is – gelowige mense sowel as heidene – is 'n klag wat Paulus nie uit sy duim gesuig het sodat mense hom moes aanhang om die oplossing te gee nie. Soos met die vinnige skote uit 'n outomatiese geweer gee Paulus die een aanhaling na die ander uit die Ou Testament. Dit is die Here self wat sê dat alle mense sondaars is.

Daar is niemand regverdig nie, selfs nie een nie. Daar is niemand wat verstandig is nie, daar is niemand wat God soek nie. Hulle het almal afgewyk, saam het hulle ontaard. Daar is niemand wat goed doen nie, daar is selfs nie een nie.

(Romeine 3:10-12 AFR53).

Daar is geen mens wat onskuldig en vlekkeloos voor God is nie. En as 'n mens nie onskuldig voor die Here is nie, is jy skuldig voor Hom. Daar is nie 'n ander moontlikheid nie. En dit is nie maar net dat 'n mens skuldig voel nie. Om onder die sonde te wees, beteken dat 'n mens 'n oortreder van God se heilige wet is. Daarom staan elke mens onder die oordeel van God en dit is 'n regverdige oordeel.

Dit is nou net op hierdie punt wat die hedendaagse mens met sy krom en skewe sin van regverdigheid wil protesteer en sê dat die oordeel van God glad nie regverdig kan wees nie. Ja, sal hy sê, ek doen verkeerde dinge, maar dit kan my nie 'n skuldige maak nie. Miskien so 'n bietjie skuldig, maar die ou dingetjies wat ek doen kan tog nie die ewige dood

as straf verdien nie. En wat vir die mens in sy menslike wysheid nog meer onbegryplik is, is dit wat ons bely, naamlik **dat alle mense in Adam gesondig het en hulle aan die vloek van die ewige dood skuldig gemaak het**. Die mens argumenteer en sê dat hy tog nie in die begin daar was om teen God te sondig soos Adam gedoen het nie. Hoe kan ons dan *in Adam* gesondig het?

Vir die mens wat van nature nie te min van homself wil dink nie, sal ons begin in die Dordtse Leerreëls op 'n somber noot wees. Hier sê ons niks van die goeie hoedanighede waaroor die mens sou beskik nie. Daar word niks van 'n arme, liewe mens gesê nie. Nugter en eerlik in ooreenstemming met die openbaring van die Here word gesê waar alle mense hulle bevind. Alle mense staan voor God doemwaardig – alle mense verdien die ewige dood as straf vir hulle sondige geaardheid en vir die werklike sondes wat hulle doen.

Die mens het egter nie van die eerste oomblikke van sy bestaan as 'n doemwaardige mens voor God gestaan nie. Inteendeel, wanneer die Here oor die mens begin praat, word daar vir ons vertel dat God die mense volmaak goed geskep het. Daar was geen tekortkominge aan die eerste mense nie. En kragtens God se skepping van die mens is daar tussen God en die mens 'n verbintenis – God is Skepper en die mens is skepsel. Hierdie verbintenis is egter nie net 'n verhouding van iemand teenoor iets nie. Van die eerste oomblikke van die mens se bestaan is daar 'n persoonlike, intieme verhouding tussen God en die mens – 'n verhouding van Vader teenoor kind (Luk 3:38).

As Vader skenk God aan sy kind alles wat hy nodig het om te kan lewe en in die verhouding met God kan bly. God skep die tuin van Eden en gee dit vir sy kind as woonplek. Daarin is alles waaraan die mens behoefte kan hê. Die mens en sy vrou het in hierdie tuin alles tot hulle beskikking. God het net een eis aan die mens en sy vrou gestel:

Van al die bome van die tuin mag jy vry eet, maar van die boom van die kennis van goed en kwaad, daarvan mag jy nie eet nie; want die dag as jy daarvan eet, sal jy sekerlik sterwe. (Genesis 2:16-17 AFR53)

Die mens en sy vrou het egter na die aanhitsing van die Satan geluister toe dié hulle verlei het om van die vrugte van hierdie verbode boom te eet. Deur hierdie (mis)daad het die mens die verhouding – sy verbintenis – met God verbreek en gekies om aan die kant van die Satan te gaan staan teen God.

Die vraag wat ons in die eerste paragraaf van ons Dordtse Leerreëls beantwoord, is: Wie almal het van God se kant af na die Satan se kant toe oorgegaan? Was dit net Adam en Eva, of het alle mense die Satan se kant gekies? Is dit net Adam wat ongehoorsaam was aan God en sy verhouding met God verbreek het, of het alle mense dit gedoen? Dit was buitendien mos net Adam en Eva wat in die tuin was. Hulle het die vrugte van die verbode boom geëet en aan die Satan se kant beland.

Lees 'n mens egter verder oor die geskiedenis van God met Adam en Eva dan hoor 'n mens dat hulle na die sondeval kinders gehad het, en hierdie kinders was ook aan die Satan se kant as gevolg van hulle ouers se sondigheid. Die volgende vraag skiet 'n mens nou te binne: Kan Adam se kinders daarvoor verantwoordelik gehou word dat hulle aan die Satan se kant is? Ons mense sal redeneer dat die kinders nie daarvoor verantwoordelik gehou kan word nie, net soos wat kinders nie vir die armoede in 'n huis verantwoordelik gehou kan word as die pa nie wil werk nie. Indien hierdie argument water hou, sal dit mos beteken dat God onbillik is om sy toorn op hierdie kinders te laat bly en onregverdig om hulle aan die kant van die Satan te los.

Om hierdie redenasie te beoordeel, is dit nodig om terug te keer na die verhouding tussen God en Adam. Die verhouding tussen God en Adam word ook 'n verbond genoem – die werkverbond – omdat Adam langs die weg van sy gehoorsaamheid aan die Here se eis die ewige lewe sou verkry. God het hierdie verbond opgerig met Adam as hoof van die menslike geslag en nie met Adam die individu nie. Hierdie feit word duidelik uit die skepping van die mense. Dadelik, nadat God vir Adam en Eva geskep het, gee Hy die opdrag dat die mense vrugbaar moet wees, vermeerder en die aarde vul (Gen 1:28). Van die begin af was God nie net in die individu geïnteresseerd nie, maar in al die nakomelinge wat uit hierdie een man sou voortkom. Die werkverbond was dus ook opgerig met elkeen van die mense wat van Adam sou afstam.

Aangesien God die verbond met die hele menslike geslag opgerig het, het Adam se verbreking van die verbond die hele menslike geslag beïnvloed en is die verbreking die hele menslike geslag se verantwoordelikheid. Wanneer 'n staatshoof oorlog verklaar teen 'n ander land, is hy nie die enigste vyand van die ander land nie. Elke burger in die land waarvan hy die staatshoof is, is vyande van die ander land. Net so het Adam se besluit om die Satan se kant kies, gemaak dat die hele menslike geslag verantwoordelik gehou word vir die sondeval. Paulus skryf dit so:

Daarom, soos deur een mens die sonde in die wêreld ingekom het en deur die sonde die dood, en so die dood tot alle mense deurgedring het, omdat almal gesondig het— (Romeine 5:12 AFR53)

Paulus verwys na Adam as die een mens deur wie die sonde in die wêreld gekom het, maar Adam was nie die enigste oortreder aan die begin nie – alle mense het gesondig. Alle mense was aan God se kant en alle mense was ingesluit toe God sy werkverbond met Adam opgerig het en alle mense het deel gehad aan die belofte van die ewige lewe op sterkte van die gehoorsaamheid aan die eis van God. Daarom sluit dit in dat alle mense hulle rug op God gedraai het toe Adam die verbond verbreek het en Satan se kant gekies het. Dit is dus nie sommer maar net dat alle mense die gevolge van Adam se sonde dra nie. Nee, alle mense het deelgeneem in Adam se sonde.

Later in Romeine 5 stel Paulus 'n vergelyking tussen ons eenheid met Adam en ons eenheid met Christus:

Daarom dan, net soos dit deur een misdaad vir alle mense tot veroordeling gekom het, so ook is dit deur een daad van geregtigheid vir alle mense tot regverdigmaking van die lewe. Want soos deur die ongehoorsaamheid van die een mens baie tot sondaars gestel is, so sal ook deur die gehoorsaamheid van die Één baie tot regverdiges gestel word. (Romeine 5:18-19 AFR53)

Ons eenheid met Adam het ons deelnemers aan sy strafwaardigheid gemaak toe hy gesondig het. Net so beteken ons eenheid met Christus nie dat ons net die gevolge van sy dood en opstanding geniet nie, maar dat ons saam met Hom gesterf en opgestaan het en deel in sy geregtigheid. Christus het nie net in ons plek gesterf nie; ons het deelgeneem in sy dood. Paulus skryf dit so:

Of weet julle nie dat ons almal wat in Christus Jesus gedoop is, in sy dood gedoop is nie? Ons is dus saam met Hom begrawe deur die doop in die dood, sodat net soos Christus uit die dode opgewek is deur die heerlikheid van die Vader, ons ook so in 'n nuwe lewe kan wandel. Want as ons met Hom saamgegroeï het deur die gelykvormigheid aan sy dood, sal ons dit tog ook wees deur dié aan sy opstanding. (Romeine 6:3-5 AFR53)

Ons eenheid met Christus beteken dat toe Hy gesterf het, ons gesterf het; toe Hy opgestaan het, het ons opgestaan; en omdat Hy lewe, lewe ons. Christus se volmaakte, voltooide werk word ons toegereken. As ek dan my betrokkenheid in Adam se val ontken, sal ek ook my deelname aan Christus se verlossingswerk moet ontken.

Omdat alle mense gesondig het toe Adam gesondig het, is alle mense aan Satan se kant uit eie keuse. Dit is nie maar net 'n sameloop van slegte omstandighede wat veroorsaak het dat ons is waar ons is nie. Ons het saam met Adam gekies om te sondig. Dit bly vir ons steeds 'n onverstaanbare ding, maar omdat God dit so aan ons openbaar, glo ons Hom eerder as wat ons ons eie oortuigings wat met sonde, leuens en bedrog besmet is kan glo. God is immers die God van waarheid. Hy sê dat alle mense skuldige sondaars is. Ons verdien dus sy oordeel en toorn oor ons en ons het geen grond om God van onregverdigheid te beskuldig nie. Daarom bely ons: **Alle mense het in Adam gesondig en hulle aan die vloek van die ewige dood skuldig gemaak. Daarom sou God niemand veronreg het as dit sy wil was om die hele mensdom in die sonde en vervloeking te laat bly en vanweë die sonde te veroordeel nie.**

Hierop kan 'n mens net *amen* sê, maar hier kan ons tog nie vanoggend in die verkondiging eindig nie. Waar is die troos? Hier is die troos. Kyk weer mooi saam met my na daardie tweede sin wat ons bely: **Daarom sou God niemand veronreg het as dit sy wil was om die hele mensdom in die sonde en vervloeking te laat bly en vanweë die sonde te veroordeel nie.**

As dit God se wil was om die hele mensdom in die sonde en vervloeking te laat bly en hulle uiteindelik vanweë die sonde vir ewig te veroordeel, sou God regverdig wees. Maar dit was nie God se wil om die hele mensdom in die sonde te los en te veroordeel nie. In sy groot genade het God iets anders gewil om met die sonde af te reken. Hoor hoe word dit hier in Romeine 3 gesê:

Maar nou is die geregtigheid van God geopenbaar ... die geregtigheid van God deur die geloof in Jesus Christus vir almal en oor almal wat glo, want daar is geen onderskeid nie; want almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlijkheid van God, en hulle word deur sy genade sonder verdienste geregverdig deur die verlossing wat in Christus Jesus is.
(Romeine 3:21-24 AFR53).

God wil nie sy handewerk laat vaar nie, maar Hy wil dit verlos van die ellende en uit die kloue van die Satan. En omdat God ewig regverdig en waaragtig is, veroordeel Hy die sonde in die vlees van sy Seun. Ek en jy het deel aan hierdie troos vir sover ons ons vertrou in Christus en sy werk stel. Maar nou is dit ook net moontlik om jou vertrou te stel in Christus te stel, wanneer jy die Here glo as Hy sê dat jy 'n doemwaardige skuldige sondaar is en niks anders as die oordeel van God verdien nie.

Geliefdes, wanneer die Heilige Gees ons lei om ons belydenis op hierdie droewige noot te begin, is dit omdat Hy ons in liefde kom wys hoe ons werklik is. Hy weerhou nie die waarheid van ons nie en Hy versuiker nie die waarheid vir ons nie. Hy gee die volle waarheid oor ons toestand, maar Hy wys ons ook op die uitkoms in Christus. Wat moet ons doen om van die sonde en die straf op die sonde vry te kom? Glo in Jesus Christus!

Amen!

Slotgebed

Psalm 18:14, 20 (p. 75)

14 Gods weg is gans volmaak soos Hy, sy woord van al wat smet is, vry,

soos goud, gelouter sewe maal. / Hy is 'n skild van keurmetaal
vir almal wat op Hom vertrou. / Want wie's daar buiten U, o HEER!
U is die Rots, geen ander meer, / op wie ons altyd weer kan bou.

20 U wat my red, my hoog verhef, / die vyand fnuik, tiranne tref –
U wil ek loof, U singend eer, / U by die nasies groot maak, HEER,
en U vir groot verlossings prys! / Aan u gesalfde^ois guns bewys,
aan Dawid en sy nageslag: / U sy die eer en roem en krag!

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap
van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
3 Mei 2015